



**NASIONALE
SENIORSERTIFIKAAT**

GRAAD 11

NOVEMBER 2023

**GESKIEDENIS V1
NASIENRIGLYN**

PUNTE: 150

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 24 bladsye.

1. BRONGEBASEERDE VRAE

1.1 Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:

KOGNITIEWE VLAKKE	HISTORIESE VAARDIGHEDE	GEWIGS-TOEKENNING VAN VRAE
VLAK 1	<ul style="list-style-type: none"> • Onttrek inligting uit bronne. • Selektoring en organisasie van relevante inligting uit bronne. • Definieer historiese begrippe/terme. 	30% (15)
VLAK 2	<ul style="list-style-type: none"> • Interpretasie van bewyse uit bronne. • Verduidelik inligting verkry uit bronne. • Analiseer bewyse uit bronne. 	40% (20)
VLAK 3	<ul style="list-style-type: none"> • Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne. • Skakel met bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel. • Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekkings. 	30% (15)

1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argument, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir enige relevante antwoord.
- Daar word van leerlinge verwag om 'n standpunt in te neem in die beantwoording van 'tot watter mate' vrae om enige punte te verdien.

1.3 **Assesseringsprosedures vir brongebaseerde vrae**

- Gebruik 'n regmerk (✓) vir elke korrekte antwoord
- Gee aandag aan die puntetoekenning bv. (2 x 2) wat neerkom op twee redes en word twee punte elk toegeken (✓✓✓✓); (1 x 2) wat neerkom op een rede en twee punte toegeken word (✓✓)
- Indien 'n vraag 4 punte tel word 4 regmerke (✓✓✓✓) aangedui

Paragraafvraag

Paragraawe behoort globaal (holisties) geassesseer te word. Beide die inhoud en die struktuur van die paragraaf moet in berekening gebring word wanneer punte toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer 'n antwoord op 'n paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas 'n kolpunt (.) by elke punt binne-in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag te beantwoord.
- Lees die paragraaf weer om die mate te evalueer waarin die kandidaat in staat was om relevante bewyse te gebruik om die paragraaf te beantwoord.
- Maak regmerkies (✓) wat aan die kandidaat toegeken is vir die paragraaf aan die einde van die paragraaf; sowel as die vlak (1, 2 of 3) soos aangedui in die holistiese rubriek en gee 'n kort kommentaar bv.

_____ * _____ * _____
 _____ * _____ * _____ ✓✓✓✓ Vlak 2

Gebruik meestal relevante bewyse om die paragraaf te skryf

- Tel al die regmerke vir die brongebaseerde vrae op en skryf dan die punt aan die regterkantse onderste kantlyn, bv.

$\frac{32}{50}$

- Maak seker dat die totale punte akkuraat na die buiteblad van antwoordeboek oorgedra word.

2. OPSTELVRAE

2.1 Die opstelvrae vereis dat kandidate:

- In staat sal wees om hul argument op 'n logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om 'n redelike reeks feite of 'n effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat 'n opstel 'n inleiding, 'n samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en 'n slot het.

2.2 Nasien van opstelvrae

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by 'n spesifieke sentrum gebruik is.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by 'n riglyn vir nasien van 'n spesifieke opstel.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir *enige ander relevante antwoord*.

2.3 Globale assessering van die opstel

Die opstel skryfwerk sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die totale produk as 'n geheel sal bepunt sonder om die samestellende dele individueel te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om 'n individuele mening aan te bied deur gebruik te maak van geselekteerde feitelike bewyse om 'n argument te ondersteun. Daar sal nie van die leerder verwag word om slegs 'feite' neer te skryf om 'n beter punt te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ook ontmoedig om 'model-antwoorde' voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die konstruksie/daarstelling van 'n argument.
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse om sodanige argument te ondersteun.
- Die leerder se interpretasie van die vraag.

2.4 Assesseringsprosedures vir die opstel

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die skryfwerk nagesien word.

2.4.2 Tydens die deurlees van die skryfwerk moet regmerkies toegeken word vir 'n relevante inleiding (aangedui met 'n kolpunt ('bullet') in die nasienriglyn), vir elke hoofmoment/aspek wat volledig gekontekstualiseer is en 'n relevante slotopmerking (aangedui met 'n kolpunt in die nasienriglyn) bv. 'n antwoord waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.

2.4.3 Hou die **PEEL-struktuur** in gedagte by die assessering van 'n opstel.

P	Punt: Die kandidaat lei die opstel in met 'n argument/n duidelike hoofpunt. Elke paragraaf moet 'n punt bevat wat die hoofpunt (argument) wat in die inleiding gemaak is, ondersteun.
E	Verduideliking: Die kandidaat moet in groter detail bespreek waarom die hoofpunt (argument) gaan en hoe dit verband hou met die vraag wat gevra is.
E	Voorbeeld: Die kandidate moet die vraag beantwoord deur inhoud te selekteer wat relevant is tot die argument. Relevant voorbeelde moet gegee word om die argument vol te hou.
L	Skakel: Kandidate moet seker maak dat die argument deurgaans in die opstel onderhou word en samehangend geskryf is.

2.4.4 Die volgende simbole **MOET** in die assessering van opstel gebruik word:

- Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie

^

- Verkeerde stelling

- Irrelevante stelling

|
|
|

- Herhaling

R

- Analise

A√

- Interpretasie

I√

- Argument

LOA↕

2.5 Die matriks

2.5.1 Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle.

By die nasien van opstelle, moet die kriteria gebruik word wat in die matriks voorsien word. Tydens die assessering van 'n opstel moet beide die inhoud en die aanbieding in ag geneem word. 'n Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidsvlakke.

- (a) Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is om en die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

I	VLAK 4	

- (b) Die tweede deurlees van die opstel sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

I	VLAK 4	
A	VLAK 3	



- (c) Ken 'n algehele punt toe met behulp van die matriks.

I	VLAK 4	}26–27
A	VLAK 3	

KOMMENTAAR

Sommige weglatings in inhoud-dekking.
Pogings om 'n argument vol te hou.

NASIENMATRIKS VIR OPSTEL: TOTAAL: 50

	VLAK 7	VLAK 6	VLAK 5	VLAK 4	VLAK 3	VLAK 2	VLAK 1
AANBIEDING  INHOUD 	Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het 'n goed gebalanseerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun.	Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun.	Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun.	Argument beplan en gestruktureer. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse.	Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie.	Posing aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen posing om 'n gevolgtrekking te maak nie.	Weinig of geen posing om die opstel te struktureer nie.
VLAK 7 Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevant tot argument wat gevolg is.	47–50	43–46					
VLAK 6 Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevant tot argument wat gevolg is	43–46	40–42	38–39				
VLAK 5 Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevant.	38–39	36–37	34–35	30–33	28–29		
VLAK 4 Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud.			30–33	28–29	26–27		
VLAK 3 Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings.				26–27	24–25	20–23	
VLAK 2 Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal.					20–23	18–19	14–17
VLAK 1 Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud.						14–17	0–13

***Riglyne vir die toekenning van 'n punt in Vlak 1:**

- Vraag glad nie beantwoord nie/totaal irrelevante inhoud; geen posing om die opstel te struktureer nie = 0
- Vraag sluit basiese en algemene irrelevante inligting in; geen posing om die opstel te struktureer nie = 1–6
- Vraag ontoereikend en vaag beantwoord; effense posing om die opstel te struktureer = 7–13

AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**VRAAG 1 WAT WAS DIE IMPAK VAN LENIN SE NUWE EKONOMIESE BELEID OP DIE RUSSIESE EKONOMIE?**

- 1.1 1.1.1 *[Definisie van historiese konsep uit Bron 1A – V1]*
- Staatsbeheer oor die ekonomie tydens die burgeroorlog.
 - Enige ander relevante antwoord. (1 x 2) (2)
- 1.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*
- Die ekonomiese sterkte van Rusland het op alle gebiede onder die vlak van 1914 gedaal.
 - Wanvoeding en siektes was algemeen.
 - Industriële stede was van voedsel ontnem.
 - Werkers het na die platteland begin verhuis, om hul eie voedsel te verbou.
 - 'n Verwoestende hongersnood wat 'n verbysterende 3–10 miljoen sterftes veroorsaak het. (Enige 4 x 1) (4)
- 1.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V2]*
- Om die Wit leër van voedsel en ammunisie te ontnem/verhonger.
 - Om die Wittes te verslaan.
 - Om die Bolsjewistiese bewind in Rusland te verseker.
 - Om die kommunistiese bewind in Rusland te beskerm.
 - Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)
- 1.1.4 *[Analise van bewyse uit die Bron 1A – V2]*
- Lenin het die sterkste ondersteuners van die kommunistiese bewind verloor.
 - Die Kronstadt-rebellie het vir Lenin gewys dat selfs die kommunistiese ondersteuners nie tevrede was met wat in Rusland gebeur het nie.
 - Dit het Lenin gedwing om sy beleid te heroorweeg/verander.
 - Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)
- 1.2 1.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*
- Die instelling van 'n belasting-in-natura. (1 x 2) (2)
- 1.2.2 *[Definisie van 'n historiese konsep binne konteks van Bron 1B – V2]*
- Die privatisering van besighede/landbou om ekonomiese uitset in Rusland na Oorlogskommunisme te verbeter.
 - Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

1.2.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*

- Denasionalisering van kleinskaalse nywerheid en dienste.
- Die vestiging van trusts vir die verskaffing, finansiering en bemaking van die produkte van grootskaalse nywerhede.
- Die stabilisering van die geldeenheid en ander maatreëls.
- Die Sowjet-ekonomie herleef.
- Die heropkoms van 'n 'kapitalistiese' klas op beide die platteland (die koelakke) en die dorpe (NEB-manne). (Enige 2 x 1) (2)

1.2.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C – V2]*

- Stalin was teen kapitalisme gekant.
- Hy beskou die NEB as 'n afwyking van kommunistiese beginsels.
- Die NEB het tot uitbuiting deur die middelklas gelei.
- Die NEB het klasse geskep wat in stryd met kommunistiese beginsels was.
- Die NEB het nie die agterstand van Rusland met betrekking tot ander supermoondhede uitgewis nie.
- Enige ander relevante antwoord. (2 x 2) (4)

1.3 1.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – V1]*

- Winkels, kafees en restaurante is orals oopgemaak.
- Die stad was vol kleinboere wat vrugte, groente en ander produkte verkoop het.
- Dit het werk gebring wat in geld betaal sou word.
- Die NEB het 'n geleentheid gebied en die aanbreek van beter dae beteken.
- "... verkoop meel, suiker, en rys op 'n tafeltjie ..."
- "... teen die volgende Mei het hy vier verkoopsmanne in 'n redelike grootte winkel gehad." (Enige 3 x 1) (3)

1.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C – V2]*

- Handelaars is toegelaat om hul eie klein ondernemings op die been te bring.
- Handelaars is toegelaat om produkte te verkoop en wins te maak.
- Die staatsbeheer oor groot ondernemings het tot 'n einde gekom.
- Baie handelaars het as gevolg van die NEB ryk geword.
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.3.3 *[Analise van die betroubaarheid van die Bron 1C – V3]***Hierdie bron is in 'n groot mate betroubaar omdat:**

- Dit is 'n primêre bron wat eerstehandse inligting gee.
- Walker Duranty was 'n aktiewe deelnemer wat in Moskou gewoon het.
- Die datum van die bron stem ooreen met die tydlyn van die NEB.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

- 1.4 1.4.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1D – V1]*
- 73,3 miljoen ton. (1 x 1) (1)
- 1.4.2 *[Analise van bewyse uit Bron 1D – V2]*
- Die instelling van die NEB
 - Gedwonge rekwisies is gestaak.
 - Boere is toegelaat om hul surplus op oop markte te verkoop.
 - Wins inisiatief is heringestel om produksie te bevorder – wat tot koelakke gelei het.
 - Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)
- 1.4.3 *[Sintese van bewyse uit Bron 1D – V2]*
- Oorlogskommunisme het alle nywerhede onder staatsbeheer geplaas wat tot lae produksievlakke gelei het.
 - Privaathandel is verbied – wat tot 'n afname in handel en produksie gelei het.
 - Oorlogskommunisme het tot hoë inflasie gelei.
 - Oorlogskommunisme het tot voedseltekorte en hongersnood gelei.
 - Nywerheidswerkers is lae salarisse betaal – en het onproduktief geword.
 - Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)
- 1.5 *[Vergelyking van bewyse uit Bron 1A en 1D – V3]*
- Bron 1A verklaar dat produksie gedaal het, terwyl Bron 1D die lae produksievlak in 1922 aandui toe Oorlogskommunisme geïmplementeer is.
 - Bron 1A verklaar dat Oorlogskommunisme rampspoedig was, terwyl Bron 1D die ramp met 'n lae produksievlak in 1922 aandui.
 - Bron 1A verklaar dat boere slegs vir hulself geproduseer het, vandaar die lae produksievlakke van graan, beeste en varke soos in Bron 1D aangedui.
 - Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

1.6 [Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]

Kandidate kan die volgende aspekte in hul antwoorde insluit.

- Oorlogskommunisme was 'n ramp vir Rusland (Eie kennis en Bron 1A)
- Boere het vir hul eie verbruik begin produseer (Bron 1A)
- Oorlogskommunisme het tot hongersnood gelei, wat die dood van drie tot 10 miljoen mense veroorsaak het (Bron 1A)
- Rebellies het in Rusland uitgebreek met die Kronstadt-rebellie die belangrikste – Lenin moes van beleid verander (Bron 1A)
- Lenin het die NEB bekendgestel wat boere en fabriekseienaars in staat gestel het om die produkte op 'n ope mark te vervaardig en te verkoop (Bron 1B)
- Die NEB het die Russiese ekonomie laat herleef (Bron 1B)
- Die NEB het tot die ontstaan van die koelakke en die NEB-manne gelei (Bron 1B)
- Kleinskaalse privaatbesit is in Rusland ingestel (Eie kennis en Bron 1C)
- Winkels, kafees en restaurante is in al die stede geopen (Bron 1C)
- Die NEB het meer werksgeleenthede geskep (Bron 1C)
- Werkers is kontant betaal wat hulle die geleentheid vir beter dae gegee het (Bron 1C)
- Entrepreneurs het produkte begin verkoop en groot winste gemaak (Bron 1C)
- Die produksie van graan, beeste en varke het dramaties tydens die NEB toegeneem (Bron 1D)
- Industriële produksie het aansienlik toegeneem (Bron 1D)
- Die produksie van steenkool het van 18,1 miljoen ton in 1925 tot 35,4 miljoen in 1927 gestyg
- Enige ander relevante antwoord.

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

VLAKE 1	<ul style="list-style-type: none"> • Gebruik bewyse op 'n elementêre manier, byvoorbeeld, toon min of geen begrip van die impak van Lenin se Nuwe Ekonomiese Beleid op die Russiese ekonomie. • Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. 	PUNTE 0–2
VLAKE 2	<ul style="list-style-type: none"> • Bewyse is meestal relevant en hou tot 'n groot mate verband met die onderwerp, byvoorbeeld, toon 'n mate van impak van Lenin se Nuwe Ekonomiese Beleid op die Russiese ekonomie • Gebruik bewyse op 'n baie basiese manier om 'n paragraaf te skryf. 	PUNTE 3–4
VLAKE 3	<ul style="list-style-type: none"> • Gebruik relevante bewyse, byvoorbeeld, toon 'n deeglike impak van Lenin se Nuwe Ekonomiese Beleid op die Russiese ekonomie. • Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf wat 'n begrip van die onderwerp toon. 	PUNTE 5–6

(6)
[50]

VRAAG 2: WATTER MAATREËLS HET ROOSEVELT INGESTEL OM DIE WERKLOOSHEIDSPROBLEEM OP TE LOS WAT DEUR DIE GROOT DEPRESSIE IN DIE VSA IN DIE 1930's VEROORSAAK WAS?

- 2.1 2.1.1 *[Definisie van 'n konsep uit Bron 2A – V1]*
- Die ergste ekonomiese ineenstorting van die industriële wêreld wat tot werkloosheid en armoede van miljoene mense gelei het.
 - Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)
- 2.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*
- Spekulateur het hul aandele verloor.
 - Banke het misluk.
 - Die land se geldvoorraad het verminder.
 - Maatskappye het bankrot gespeel en hul werkers in massas begin afdank. (4 x 1) (4)
- 2.1.3 *[Analise van bewyse uit Bron 2A – V2]*
- Die president het gedink dat die situasie van self sou normaliseer.
 - Die president het nie die behoefte gesien om in te gryp om die mense en besighede by te staan nie.
 - Die president kon nie die probleme wat deur die depressie veroorsaak was, oplos nie.
 - Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (2)
- 2.1.4 *[Sintese van bewyse uit Bron 2A – V2]*
- Die federale regering is toegelaat om in te gryp in die praktyke van vrye onderneming om die publiek te beskerm.
 - Die federale regering het bejaardes afhanklik van staatstoelae gemaak.
 - Die staat het verantwoordelikheid geneem om na die welsyn van sy burgers om te sien.
 - Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (2)
- 2.1.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2]*
- Hoover het geweier om in te gryp / of om die Amerikaanse publiek by te staan, terwyl Roosevelt hulle 'n Nuwe Bedeling belowe het.
 - Hoover het groot ondernemings ondersteun, maar geweier om die Amerikaanse publiek te help, terwyl Roosevelt verligting, hervorming en herstel vir armes en behoeftiges belowe het.
 - Hoover het geglo dat besighede hulself sou herstel, en het dus nie die swakhede in die Amerikaanse ekonomie gesien nie, terwyl Roosevelt die Amerikaanse regering se verantwoordelikheid geïdentifiseer het om die ekonomie te herstel.
 - Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

- 2.2 2.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*
- Om die voortgesette ekonomiese ineenstorting onmiddellik te stop. (1 x 2) (2)
- 2.2.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*
- Emergency Banking Act (Wet op Nood bankdienste)
 - Federal Emergency Relief Act (FERA)
 - Civil Works Administration (CWA)
 - Civilian Conservation Corps (CCC). (Enige 2 x 1) (2)
- 2.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – V2]*
- Dit het solvente banke toegelaat om oop te bly.
 - Sukkelende banke is onder federale toesig geplaas.
 - Mense het begin om hul geld in bankrekeninge te deponeer.
 - Die banke het die kliënte se deposito's verseker.
 - Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)
- 2.2.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – V2]*
- Dit het werk verskaf in landbou, kuns en konstruksie.
 - Dit het salarisse verskaf wat soortgelyk aan hul vorige werke was.
 - Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)
- 2.3 2.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – V1]*
- Hulle het meer as 4 000 nuwe skoolgeboue gebou
 - Hulle het 130 nuwe hospitale opgerig
 - Ongeveer 9 000 myl stormdreine en rioolpype/-lyne gelê
 - 29 000 nuwe brûe gebou
 - 150 nuwe vliegvelde gebou
 - 280 000 myl paaie geplavei of herstel
 - 24 miljoen bome geplant om die verlies aan vrugbare bogrond te verlig. (Enige 2 x 1) (2)
- 2.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – V2]*
- Dit het werk aan werkloses verskaf.
 - Dit het geld vir sopkombuise, komberse ens. opsy gesit
 - Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)
- 2.3.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – V2]*
- Groot ondernemings het gevoel dat die Nuwe Bedeling mense te afhanklik van regeringsondersteuning maak.
 - Groot ondernemings het gevoel dat die regering inmeng in die manier waarop hulle hul sake doen.
 - Groot ondernemings was van mening dat die Nuwe Bedeling te sosialisties was.
 - Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

- 2.4 2.4.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2D – V1]*
 • 1933 (1 x 2) (2)
- 2.4.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – V2]*
 • Die werkloosheidsyfer het aansienlik gedaal.
 • Enige relevant response. (Enige 1 x 2) (2)
- 2.4.3 *[Bepaling van die bruikbaarheid van Bron 2C – V3]*
 Die bron is bruikbaar omdat:
 • Dit wys hoe die werkloosheidsyfer na die implementering van die Nuwe Bedeling gedaal het.
 • Dit toon dat die produksievlakke aansienlik toegeneem het toe die werkloosheidsyfer gedaal het.
 • Dit toon dat die Nuwe Bedeling suksesvol was in die bekamping van werkloosheid tydens die Groot Depressie.
 • Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)
- 2.5 *[Vergelyking van bewyse uit Bron 2C en 2D – V3]*
 • Bron 2C verklaar dat die werkloosheidsyfer in 1935 20% was, wat in Bron 2D bevestig word.
 • Bron 2C verklaar dat miljoene deur die WPA in diens geneem is, wat gelei het tot 'n direkte afname in die werkloosheidsyfer soos in Bron 2D aangedui.
 • Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)
- 2.6 *[Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*
 Kandidate kan die volgende aspekte in hul antwoorde insluit.
- Die Groot Depressie het op 29 Oktober 1929 begin met die ineenstorting van die Amerikaanse aandelemark (Bron 2A)
 - Miljoene Amerikaners het hul werk verloor en werkloos geword (Bron 2A)
 - President Hoover het geweier om in te gryp terwyl president Roosevelt die Amerikaanse publiek 'n Nuwe Bedeling aangebied het (Bron 2A en eie kennis)
 - Die verligtingsprogramme is geïmplementeer om die ekonomiese vryval onmiddellik te stop (Bron 2B)
 - Die Emergency Banking Act het die publiek se vertroue in die banksektor herstel (Bron 2B)
 - Die Federal Emergency Relief Act, die Civil Works Administration en die Civil Conservation Corps het onmiddellike ondersteuning gebied in die vorm van kontant en tydelike werksgeleenthede (Bron 2B)
 - Baie mense was werksaam in die landbou, die kuns, konstruksie- en onderwyssektore (Bron 2B)
 - Die Works Progress Administration het werk aan miljoene Amerikaners verskaf (Bron 2C)
 - Die WPA het voorsiening gemaak vir die bou van 4 000 nuwe skole 130 hospitale 900 myl stormdreine 29 000 nuwe brûe en 150 nuwe vliegvelde (Bron 2C)
 - Miljoene Amerikaners verdien nou 'n salaris – begin spandeer en verbeter hul lewens (Eie kennis)
 - Die werkloosheidsyfer het aansienlik tussen 1933 en 1937 gedaal (Bron 3D).
 - Namate die werkloosheidsyfer tussen 1933 en 1937 gedaal het, het die produksievlakke toegeneem (Bron 2D)
 - Enige ander relevante antwoord.

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

VLAK 1	<ul style="list-style-type: none"> • Gebruik bewyse op 'n elementêre manier, byvoorbeeld, toon min of geen begrip van die maatreëls wat Roosevelt geïmplementeer het om die werkloosheidsprobleem op te los wat deur die Groot Depressie in die VSA in die 1930's veroorsaak is. • Gebruik bewyse gedeeltelik om oor die onderwerp verslag te doen of kan nie oor die onderwerp verslag doen nie. 	PUNTE 0–2
VLAK 2	<ul style="list-style-type: none"> • Bewyse is meestal relevant en hou verband met die onderwerp, byvoorbeeld, toon 'n mate van begrip van die maatreëls wat Roosevelt geïmplementeer het om die werkloosheidsprobleem op te los wat deur die Groot Depressie in die VSA in die 1930's veroorsaak is. • Gebruik bewyse op 'n baie basiese manier. 	PUNTE 3–4
VLAK 3	<ul style="list-style-type: none"> • Gebruik relevante bewyse, byvoorbeeld, toon 'n insig in die maatreëls wat Roosevelt geïmplementeer het om die werkloosheidsprobleem op te los wat deur die Groot Depressie in die VSA in die 1930's veroorsaak is. • Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf wat 'n begrip van die onderwerp toon. 	PUNTE 5–6

(6)
[50]

VRAAG 3: HOE HET DIE NAZI'S MINDERHEIDSGROEPE IN DUITSLAND TUSSEN DIE 1930's EN 1940's VERVOLG?

- 3.1 3.1.1 *[Definisie van 'n historiese konsep uit Bron 3A – V1]*
- Haat teenoor die Jode.
 - Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)
- 3.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*
- Die opskorting van individuele persvryheid, spraak en byeenkomste
 - Die Bemagtigingswet van 23 Maart 1933 ... het Hitler diktatoriale magte gegee. (2 x 1) (2)
- 3.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – V2]*
- Duitsland is negatief deur die Groot Depressie beïnvloed.
 - Duitsland het nog steeds oorlogsvergoeding aan die Geallieerde moondhede betaal.
 - Hitler het die Jode die skuld vir die ekonomiese ontberings van Duitsland gegee.
 - Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)
- 3.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – V2]*
- Die Nazi's het die Jode die skuld vir Duitsland se nederlaag in die Eerste Wêreldoorlog gegee.
 - Hulle het die Jode en die kommuniste daarvan beskuldig dat hulle Duitsland tydens die Eerste Wêreldoorlog verraai het.
 - Hulle het die Jode as sondebokke vir hulle rasse-ideologieë gebruik.
 - Hulle het geglo dat die Jode die bankwese en finansies van Duitsland beheer en tot die Groot Depressie bygedra het.
 - Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)
- 3.2 3.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1]*
- Die stelselmatige moord op geïnstitusioneerde pasiënte met gestremdhede in Duitsland. (1 x 2) (2)
- 3.2.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1]*
- Ernstige psigiatriese gestremdhede.
 - Ernstige neurologiese gestremdhede.
 - Ernstige fisiese gestremdhede. (3 x 1) (3)
- 3.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – V2]*
- Die verbetering van die menslike ras deur beplande voortplanting, terwyl ander minderwaardige rasse verhoed was om voort te plant deur gedwonge sterilisasie.
 - Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

3.2.4 *[Analise van bewyse uit Bron 3B – V2]*

- Gestremdes sal die Ariese ras besoedel.
- Gestremdes sal meer gestremde nageslag voortbring.
- Gestremdes was afhanklik van maatskaplike welsyn van die staat en het dus 'n finansiële las vir die staat geword.
- Die geld wat gebruik was om gestremdes te handhaaf kon in 'n meer produktiewe manier aangewend word.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

3.2.5 *[Sintese van bewyse uit die Bron 3B – V2]*

- Die Genadedood-program het die mense se reg om te lewe geskend.
- Die Genadedood-program het die mense se reg op lewe geskend.
- Die Genadedood-program het die mense se reg om sonder inmenging voort te plant geskend.
- Die Genadedood-program het die mense se vryheid van keuse geskend om hul eie lot te bepaal.
- Die Genadedood-program het die mense se reg op privaatheid geskend.
- Die Genadedood-program het die mense se reg op veiligheid geskend.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

3.3 3.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3C – V1]*

- Roma
- Sinti
- Manouches (3 x 1) (3)

3.3.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3C – V1]*

- Vergassing
- Siekte
- Uithonger of uitputting
- Vermoor deur wagne. (Enige 2 x 1) (2)

3.3.3 *[Analise van bewyse uit die Bron 3C – V2]*

- Hulle kon sterilisasie aanvaar het.
- Hulle kon dit in 'n hof betwis het.
- Hulle kon probeer ontsnap.
- Hulle is vervolg.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

3.3.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3C – V2]*

- Sterilisasie is slegs op minderwaardige rasse in Duitsland toegepas.
- Sterilisasie is slegs toegepas op minderheidsgroepe wat in Duitsland gewoon het.
- Sterilisasie is slegs toegepas op mense van kleur wat in Duitsland gewoon het.
- Die Ariese ras is nie aan gedwonge sterilisasie onderwerp nie.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

- 3.4 3.4.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3D – V2]*
- Dit toon dat daar teen kinders met gestremdhede gediskrimineer was in Duitsland.
 - Dit toon dat kinders met gestremdhede as 'n las vir die Duitse regering beskou is.
 - Dit beklemtoon die Duitsers se beleid van diskriminasie teenoor kinders met gestremdhede.
 - Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)
- 3.4.2 *[Evaluering van die bewyse in die Bron 3D – V3]*
- Dit het die menseregte van mense geskend.
 - Die slagoffers van genadedood-programme het nie die kans gekry om hul lot te kies nie.
 - Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)
- 3.5 *[Vergelyking van bewyse uit Bron 3B en 3D – V3]*
- Bron 3B verklaar dat kinders met gestremdhede 'n las vir die Duitse samelewing was, terwyl Bron 3D 'n visuele voorstelling gee van die las wat in Bron 3B genoem word.
 - Bron 3B noem die verskillende tipes gestremdhede wat in Bron 3D gesien kan word.
 - Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)
- 3.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*
Kandidate kan die volgende aspekte in hul antwoorde insluit:
- Die Nazi-party was uiters anti-Semities (Bron 3A).
 - Die Nazi's het geglo dat hulle meerderwaardig bo ander rasse was (Bron 3A).
 - Die Nazi's het geglo dat die minderwaardige rasse 'n biologiese bedreiging vir die suiwerheid van die Duitse ras was (Bron 3A).
 - Die Jode het die primêre teiken van Nazi-haat geword (Bron 3A).
 - Die Nazi's het die Genadedood-program geïmplementeer om mense met gestremdhede in Duitsland te vermoor (Bron 3B).
 - Mense met ernstige psigiatrisiese neurologiese of liggaamlike gestremdhede was as 'n finansiële las op die Duitse samelewing beskou (Bron 3C en 3D).
 - Kinders met gestremdhede is vermoor met dodelike oordosis medikasie wat deur opgeleide mediese spesialiste toegedien was (Bron 3B en 3D).
 - Die moord is uitgebrei na volwassenes met gestremdhede (Bron 3B).
 - Sigeuners is as minderwaardig beskou en is deur gedwonge sterilisasie doodgemaak (Bron 3C)
 - Sigeuners is doodgemaak deur vergassing, verhongering, uitputting of vermoor deur wagte (Bron 3C)
 - Die Nazi's het eugenetiese-programme geïmplementeer om die Duitse meeserras te beskerm (Eie kennis)
 - Enige ander relevante antwoord.

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

VLAK 1	<ul style="list-style-type: none"> • Kan nie bewyse onttrek of bewyse uit die bronne op 'n baie elementêre manier onttrek nie, bv. toon geen of min begrip van hoe die Nazi's minderheidsgroepe in Duitsland tussen die 1930's en 1940's vervolg het. • Gebruik bewyse gedeeltelik om oor die onderwerp verslag te doen of kan nie oor die onderwerp verslag doen nie. 	PUNTE 0–2
VLAK 2	<ul style="list-style-type: none"> • Onttrek bewyse uit die bronne wat meestal relevant is en in 'n groot mate verband hou met die onderwerp, byvoorbeeld, toon 'n mate van begrip van hoe die Nazi's minderheidsgroepe in Duitsland tussen die 1930's en 1940's vervolg het. • Gebruik bewyse op 'n baie basiese manier. 	PUNTE 3–4
VLAK 3	<ul style="list-style-type: none"> • Gebruik bewyse uit bronne baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf wat 'n begrip van die onderwerp toon, byvoorbeeld toon 'n deeglike begrip van hoe die Nazi's minderheidsgroepe in Duitsland tussen die 1930's en 1940's vervolg het. • Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf wat 'n begrip van die onderwerp toon. 	PUNTE 5–6

(6)
[50]

AFDELING B: OPSTELVRAE

VRAAG 4: KOMMUNISME IN RUSLAND, 1900–1940

[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur van analitiese en interpretasievaardighede gebruik te maak.]

SINOPSIS

Met die skryf van hierdie opstel moet kandidate kan sê tot watter mate Stalin suksesvol was om Rusland met sy vyfjaarplanne te kon vanaf 'n agterlike land na 'n supermoondheid omskep.

HOOFASPEKTE

Kandidate moet die volgende aspekte in hul antwoorde insluit:

Inleiding: Kandidate moet die vraag kontekstualiseer en 'n duidelike argumentslyn daarstel.

UITBREIDING

- Doelwitte: alle vorme van privaatbesit/kapitalisme afgeskaf
- Ekonomie onder staatsbeheer geplaas.
- Ekonomie deur 'n reeks vyfjaarplanne ontwikkel
- Ongeletterdheid uitgeroei.
- Landbou gemeganiseer en gekollektiviseer.
- Die vinnige industrialisering van Rusland
- 'n Staatsbeplanningskommissie, die Gosplan, is bemaagtig om die ekonomiese aktiwiteite van die land te bestuur.
- Plase gekollektiviseer en gemeganiseer.
- Twee soorte plase: Staatsplase (arbeiders was 'n staatsalaris betaal)
- Kollektiewe plase – Boere het staatswerkers geword.
- Koelakke het kollektivering weerstaan deur vee dood te maak en te weier om te saai.
- Stalin het hulle vermoor /na Siberië gedeporteer.
- Ongeveer 4 miljoen kleinboere vermoor/na Siberië gestuur.
- Hy het geweld gebruik om kommunisme af te dwing.
- Teen 1928 het produksievlakke toegeneem.
- Boere en welgestelde kleinboere wat geweier het om hul ekstra produkte te verkoop, is swaar belas.
- Meganisasie en wetenskaplike boerdery is op groot skaal bekendgestel.
- Winste is op drie maniere verdeel tussen die staat, werkers en 'n reserwe-bedryfsfonds om gemeenskapsdienste soos skole, ontspanningsentrums en hospitale te ondersteun.
- Die landbou het begin floreer.
- Alle privaatbesit afgeskaf.
- Fabriek produseer volgens staat kwotas.
- Klem op die ontwikkeling van swaar nywerhede – yster en staal
- Propaganda is gebruik om werkers te inspireer en om die belangrikheid van samewerking vir 'n beter toekoms te beklemtoon.

- Steenkool – om yster en staal te smelt.
 - 1 500 nuwe fabriek gebou.
 - Werkers het lang ure gewerk.
 - Dnieper-dam – hidroëlektriese kragstasie gebou.
 - Groot dorpe en nywerheidsentrums is gebou.
 - Verpligte onderwys het 'n geskoolde arbeidsmag geskep.
 - Alle kinders tussen 3 en 16 het verpligte onderwys ontvang.
 - Dit het die jeug met kommunistiese oortuigings geïndoktrineer.
 - Woonstelle is gebou om die behuisingstekort op te los.
 - Motors is in Moskou gebou.
 - Olie by Baku ontdek.
 - Duisende nuwe skole is gebou om basiese onderwys aan alle kinders te bied.
 - Onderwys is verpligtend gemaak.
 - Volwasse geletterdheidsklasse, wat ook beklemtoon is, het die ongeletterdheidsyfer van 50% in 1924 tot 20% in 1939 verlaag.
 - Onderwys is rondom meganiese en ingenieurswese gestruktureer.
 - Nuwe spoorlyne is gebou, en die oues is opgegradeer om grondstowwe, vervaardigde produkte en landbouprodukte te help verskuif.
 - Die bou van netwerke van teer paaie en kanaal stelsels om riviere vir praktiese navigasie te verbind, het noodsaaklik geword.
 - Klem is op die verbetering van doeltreffendheid en tegnieke in die industrie geplaas.
 - Ligte fabriek is gebou om meer verbruikersgoedere te verskaf om die lewenstandaard van die Russiese bevolking te verhoog.
 - Verbruik het dramaties toegeneem, maar groei en ontwikkeling van swaar nywerhede het die regering se prioriteit gebly.
 - Die belangrikste sukses is behaal in die masjien vervaardigingsbedryf.
 - Russiese mense het groot opofferings gemaak deur lang ure te werk.
 - Stalin het aanmoediging, dissipline en terreur gebruik om sy doel te bereik.
 - Teen 1940 was Rusland die tweede grootste industriële moondheid ter wêreld.
 - Die Derde Vyfjaarplan van 1939 tot 1942 is deur die Tweede Wêreldoorlog onderbreek.
 - Enige ander relevante antwoord.
- Gevolgtrekking: Kandidaat moet hulle argument met 'n relevante gevolgtrekking saamvat.

[50]

VRAAG 5: KAPITALISME IN DIE VSA, 1900–1940

[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument gebaseer op relevante bewyse met behulp van analitiese en interpretatiewe vaardighede.]

SINOPSIS

Kandidate moet die sosiale impak van die Groot Depressie op die Amerikaners, Duitsers en Japanese krities bespreek. Hulle moet ook die reaksies van hierdie lande op die Groot Depressie uiteensit.

Kandidate moet historiese bewyse gebruik om hul argument te ondersteun.

HOOFASPEKTE

Kandidate moet die volgende aspekte in hul antwoorde insluit:

Inleiding: Kandidate moet aandui hoe die Groot Depressie die Amerikaners, Duitsers en Japanese sosiaal beïnvloed het en hoe die lande op hierdie uitdagings gereageer het.

UITBREIDING**Die VSA**

- Selfmoord het toegeneem namate mense besef dat hulle 'n paar weke gelede ryk en nou sonder geld was.
- Plaaspryse het so dramaties gedaal dat baie boere hul huise en grond verloor het.
- Die ontwikkeling van 'n 'Stofkom' (Dust Bowl) in die 1930's het die situasie in 'n krisis verander.
- Swak boerderymetodes en droogte het die land in 'n uitgestrekte woestyn verander toe sterk winde die bogrond weggewaai het.
- Plase is verlaat toe duisende verwoeste boere en uitgesitte huurder-boere weswaarts gemigreer het om werk in Kalifornië te soek.
- Mense het werkloos en haweloos geword.
- Besigheidsmislukkings het tot afleggings gelei.
- Daar was geen maatskaplike sekerheid en werkloosheidsversekering vir diegene wat werk verloor het nie.
- Werklose mense het in broodlyne vir gratis kos van liefdadigheidsorganisasies gewag.
- Gesinne het uitmekaar gegaan of uit hul huise getrek op soek na werk.
- Groot informele nedersettings het buite groot stede ontstaan.
- Werkloos en hawelos het klein plakkershutte gebou wat 'Hooverville's' genoem was.
- Hoover het geglo in individualisme en selfstandigheid.
- In 1932 belowe Roosevelt 'n Nuwe Bedeling aan Amerikaners.

Duitsland

- Duitsland is swaar deur die Groot Depressie getref.
- Duitsland het gesukkel om die skadevergoeding te betaal
- Die getalle werklose mense het gestyg
- Hitler het die Jode en die kommuniste die skuld vir die Groot Depressie gegee.
- Hitler het hoop vir die Duitse volk gebring en belowe om die Duitse ekonomie te herstel.
- Die Nazi-party het gewild geword, en Hitler is as kanselier aangewys.

Japan

- Japan is swaar deur die Groot Depressie getref
 - Die invoer van goedere uit die buiteland het baie duur as gevolg van tariewe geword.
 - Die Japannese syhandel is erg deur die Groot Depressie geraak.
 - Japannese het vertroue in die politici verloor en hulle tot militêre steun gewend.
 - Namate Japan se ekonomie versleg het, het die land aggressiewer geword
 - Een manier om toegang tot grondstowwe vir Japan te kry, was om meer grondgebied onder Japannese bewind te kry.
 - Weermag-generaals het gekyk na die anneksasie van dele van China om toegang tot grondstowwe te kry.
 - In 1931 is die hulpbronryke Mantsjoerye deur Japan in beslag geneem
 - Japan bedank uit die Volkebond en val China binne
 - Die drieparty-verdrag tussen Duitsland, Italië en Japan is onderteken.
 - Enige ander relevante reaksie
-
- Gevolgtrekking: Kandidate moet hulle argument met 'n relevante gevolgtrekking saamvat.

[50]

VRAAG 6: IDEES VAN RAS IN DIE LAAT 19^{de} EN 20^{ste} EEU

[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur van analitiese en interpretasievaardighede gebruik te maak.]

SINOPSIS

Die kandidate moet saam of teen die stelling stem en hul argument met relevante historiese bewyse ondersteun.

HOOFASPEKTE

Kandidate moet die volgende aspekte in hul antwoorde insluit:

Inleiding: Kandidate moet saam of teen die stelling stem en hul redes kortliks verduidelik.

UITBREIDING

- Anti-Semitisme en die geloof in die pseudo-wetenskap van eugenetika.
- Die Nazi's het propaganda en terreur gebruik om hul anti-Semitiese beleid af te dwing.
- Teen 1938 het die lewens van Jode wat in Duitsland gewoon het, ondraaglik geword.
- Die Nazi-rassistiese ideologie van 'n Herrenvolk ('meesterras') is gebruik om hul eugenetiese-program te regverdig wat daarop gemik was om 'ongewenste' gene uit die bevolking te verwyder.
- Die volksmoord ('Holocaust') was die gevolg van hierdie rassisme.
- Teen 1933 het daar 500 000 Jode in Duitsland gewoon.
- Hulle het hulself as Duitsers beskou, wat slegs in godsdiens van ander Duitsers verskil het.
- Jode is dikwels as sondebokke gebruik wanneer dinge skeefgeloop het en is sonder rede geblameer.
- Die valse Sosiale Darwinistiese teorie van 'n hiërargie van mense beweer dat sommige groepe mense gebore is met voortreflike talent, vermoë en waarde.
- In sy boek *Mein Kampf* het Hitler aangevoer dat die Duitse 'ras' beter was as alle die ander rasse.
- Hitler het Duitsers as die 'Ariese ras' of 'Herrenvolk' ('meesterras') beskryf en geglo dat hulle 'n plig het om die wêreld te beheer.
- Jode het die skuld vir al die probleme van Duitsland gekry.
- Anti-Joodse onderdrukkende maatreëls is stadig ingestel om Jode uit alle aspekte van die Duitse lewe uit te sluit.
- Anti-Semitiese wette het hand aan hand gegaan met staatsgeweld en terreur.
- Teen 1939 is Joodse ondernemings geboikot.
- Alle Jode moes 'n geel Dawidster-kenteken dra om hulle maklik te identifiseer.
- Jode is uit die staatsdiens ontslaan.
- Jode is uit alle skole en universiteite verdryf.
- Jode is van alle burgerskapsreg ontnem.
- Die huwelik of seksuele verhoudings tussen Jode en 'Ariërs' was verbode.
- Jode is op sekere plekke verbied.
- Na Junie 1938 het die Nazi's met die stelselmatige onteining van Joodse eiendom begin.
- Jode was die hoofteikens van die volksmoord.

- In 1941 het die Nazi's die 'finale oplossing vir die Joodse vraagstuk' geïmplementeer.
- Hulle het besluit om elke Joodse man, vrou en kind in Europa te vermoor.
- 'n Groep polisiemanne genaamd 'Einsatzgruppen' het spesiale mobiele moord-groepe geword.
- Mans, vroue en kinders is deur vuurpeloton in massagrafte bymekaargemaak en geskiet.
- Massa-'uitwissing' deur gas is geïmplementeer.
- Die bou van spesiale moordsentrums het in die tweede helfte van 1941 begin.
- Ses 'Doodskampe' is gestig – almal was in Pole geleë.
- Gaswaens en gaskamers is in die doods kampe gebou.
- Zyklon B-gas is gebruik.
- Die implementering van die 'Finale Oplossing' het vereis dat Jode van regoor Nazi-besette Europa per spoor na die doodskampe in Pole vervoer moes word.
- Honderdduisende mense is in verseëelde vee-vragmotors of oop waens geprop en het soms dae sonder kos, water of sanitasie deurgebring.
- Teen 1945 is twee uit elke drie Europese Jode vermoor.
- Gevolgtrekking: Kandidate moet hulle argument met 'n relevante gevolgtrekking saamvat.

[50]**TOTAAL: 150**